


2021

Beste Student

## Geïntegreerde krisisdiens met ER24: Geregistreerde studente van die Universiteit Stellenbosch

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) en die Kampusgesondheidsdiens (KGD) van die Universiteit Stellenbosch (US), in vennootskap met ER24, bied alle geregistreerde US-studente 24-uur-toegang tot trauma- en mediese ondersteuning. Die diens behels mediese nooddienste (EMS), traumaberading (telefonies of van aangesig tot aangesig), asook mediese hulp via die mediese blitslyn. Studente kan die mediese blitslyn skakel om advies te bekom oor hoe om 'n mediese noodgeval persoonlik of namens iemand anders te hanteer. Hierdie dienste verleen toegang via die 24-uur ER24-krisislyn by **010 205 3032**.


Gebruik gerus hierdie gratis kontakdiens indien jy 'n noodgeval beleef of ondersteuning benodig.

## Hier is besonderhede oor die diens en hoe dit werk:



Wanneer jy die diens benodig, skakel die nommer, identifiseer jou as 'n US-student en verstrek jou studentenommer. Die EMS-versender sal 'n paar vrae aan jou stel om te bepaal watter tipe ondersteuning jy verlang. Dit kan insluit die uitstuur van 'n ambulans of verwysing na 'n traumaberader. Verskaf soveel inligting moontlik om te verseker dat jy spoedige gehaltesteun ontvang.


Skakel asseblief die krisisnommer indien jy jou op pad na of tydens 'n sporttoernooi of akademiese uitstappie in 'n krisis bevind. Die diens is beskikbaar ongeag waar jy jou in Suid-Afrika bevind.





Die SSVO se krisisnommer gedurende kantoorure is 021 808 4994. Indien jy jou na-ure in 'n noodgeval bevind en hierdie nommer skakel, word die oproep deurgeskakel na ER24, wat jou sal bystaan. Die SSVO word van jou oproep verwittig en volg die kwessie die volgende dag met jou op. Die Sentrumpersoneel sal jou tydens die gewone SSVO-werksure (08:00 tot 16:00) behulpsaam wees.

Noodgevalle wat 'n uitroep benodig, is gratis. As jy egter na 'n mediese of ander fasiliteit vervoer moet word, is die gewone ER24-koste van toepassing, wat vir jou eie rekening is. Indien jy aan 'n mediese fonds behoort, word jy na 'n privaat fasiliteit vervoer. Sou jy nie aan 'n mediese fonds behoort nie, word jy na 'n openbare fasiliteit vervoer.






Onthou: Traumaberading is gratis en beraders is vaardig in drie Suid-Afrikaanse tale, naamlik Engels, isiXhosa en Afrikaans.

Kontak my gerus by 021 808 4707 of mdunn@sun.ac.za indien jy meer inligting verlang of terugvoering wil gee.

Vriendelike groete

**Dr Munita Dunn-Coetzee**

*Direkteur: Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling*
*Afdeling Studentesake*

Student Affairs
Studentesake